basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## FEBRUARIE/MAART 2018

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE ONTPLOOIING VAN SOWJETMISSIELE IN KUBA IN 1962 KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VERERGER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

1.1.1 Wie, volgens die bron, was Fidel Castro se TWEE mees vertroude raadgewers? (2 x 1) (2)

1.1.2 Definieer die konsep *kommunisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Wat, volgens die bron, 'het hom (Castro) in die arms van die Sowjets ingedryf'? (1 x 1) (1)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die VSA bondgenote regoor Oos-Europa gehad het. (1 x 2) (2)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Wat, volgens die bron, het aanleiding daartoe gegee dat Kennedy 'n dringende vergadering met sy raadgewers belê het? (2 x 1) (2)

1.2.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink President Kennedy en sy raadgewers besluit het om intelligensie-offisiere te ondervra. (1 x 2) (2)

1.2.3 Wat het daartoe aanleiding gegee dat President Kennedy ExComm gestig het? (1 x 2) (2)

1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy hierdie bron vir navorsing oor die Kubaanse Missielkrisis bruikbaar sal vind. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die boodskappe wat die spotprent ten opsigte van die Kubaanse Missielkrisis oordra. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.3.2 Lewer kommentaar oor die betekenis van die volgende in die spotprent:

(a) Die hamer en sekel op die missiel (1 x 2) (2)

(b) Die opskrif 'Los dit' (1 x 2) (2)

1.4 Raadpleeg Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewys in Bron 1C ondersteun ten opsigte van die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba. (4)

1.5 Lees Bron 1D.

1.5.1 Hoe, volgens die inligting in die bron, het die Sowjetunie sy verhouding met ander lande beskou? (3 x 1) (3)

1.5.2 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat toon dat die Sowjetregering bekommerd was oor die VSA se posisie oor die Kuba-aangeleentheid. (2 x 1) (2)

1.5.3 Lewer kommentaar op wat jy dink met die stelling dat 'Kuba aan die Kubaanse volk behoort' geïmpliseer word. (2 x (4)

1.5.4 Verduidelik waarom jy dink Andrei Gromyko beweer het dat Kuba nie 'n bedreiging vir die VSA ingehou het nie. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die ontplooiing van Sowjetmissiele in 1962 in Kuba Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie vererger het. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET BUITELANDSE MAGTE NA ONAFHANKLIKHEID IN ANGOLA INGEMENG?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Noem enige TWEE faktore in die bron wat Angola se oorgang na onafhanklikheid 'bederf' het. (2 x 1) (2)

2.1.2 Verduidelik die term *outoritêre* in die konteks van Portugese koloniale heerskappy van Angola. (1 x 2) (2)

2.1.3 Lewer kommentaar op die invloed wat die Alvor-ooreenkoms op Angola se weg na onafhanklikheid gehad het. (2 x 2) (4)

2.1.4 Waarom, volgens die inligting in die bron, het die oorgangsregering in Angola ineengestort? (2 x 1) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Wat, dink jy, het daartoe aanleiding gegee dat die *News Diary of Lisbon* hierdie foto gepubliseer het? (2 x 2) (4)

2.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom 'n historikus hierdie bron bruikbaar sal vind wanneer die onderhandelingsproses wat in Alvor plaasgevind het, bestudeer word. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik waarom jy dink Victoria Brittain beweer het dat Angola se onafhanklikheid beide 'politieke en emosionele' betekenis ver anderkant die vasteland gehad het. (2 x 2) (4)

2.3.2 Haal TWEE redes uit die bron aan wat te kenne gee dat buitelandse moondhede geïnteresseerd was in Angola nadat dit onafhanklikheid verkry het. (2 x 1) (2)

2.3.3 Waarom, volgens die bron, het die VSA in 1975 die geskiedenis van Angola vervals? (1 x 2) (2)

2.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die rol wat die regering van die Verenigde State voor die 1975-verkiesing in Angola gespeel het. (2 x 2) (4)

2.4 Lees Bron 2D.

2.4.1 Waarom, volgens die bron, het die Angolese Regering van Nasionale Eenheid ineengestort? (1 x 2) (2)

2.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Generaal Geldenhuys die Angolese burgeroorlog as 'n verlenging van die Koue Oorlog beskou het. (2 x 2) (4)

2.4.3 Haal enige TWEE lande uit die bron aan wat die MPLA ondersteun het. (2 x 1) (2)

2.5 Vergelyk Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in hierdie bronne soortgelyk is met betrekking tot die opbou van Koue Oorlog-spanning in die 1970's in Angola. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe buitelandse magte ná onafhanklikheid in Angola ingemeng het. (8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER INVLOED HET DIE SWARTMAGBEWEGING IN DIE 1960's OP SWART AMERIKANERS GEHAD?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Hoe, volgens die inligting in die bron, is die Swartmagbeweging gestig? (1 x 1) (1)

3.1.2 Definieer die konsep *Swart Mag* in die konteks van burgerlike protes wat in die 1960's in die VSA plaasgevind het. (1 x 2) (2)

3.1.3 Hoe, volgens die inligting in die bron, het Amerikaners gereageer op die stigting van die Swartmagbeweging? Gee TWEE voorbeelde in die bron. (2 x 1) (2)

3.1.4 Noem DRIE uitdagings in die bron wat swart Amerikaners in die 1960's in die gesig gestaar het. (3 x 1) (3)

3.1.5 Verduidelik waarom jy dink jong swart Amerikaners nie die Burgerregtebeweging ondersteun het nie. (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Identifiseer enige TWEE maniere in die bron oor hoe koalisies gevorm is. (2 x 1) (2)

3.2.2 Verduidelik waarom Stokely Carmichael beweer het dat nie almal in die Verenigde State van Amerika die Swartmagfilosofie ondersteun het nie. (2 x 2) (4)

3.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom 'n historikus wat navorsing oor die oorsprong van die Swartmagbeweging doen hierdie bron bruikbaar sal vind. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskappe wat die bron oordra met betrekking tot die Swartmagfilosofie. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.3.2 Lewer kommentaar op wat jy dink met die woorde, 'MAG EN GELYKHEID' in die konteks van die Swartmagbeweging geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C die bewyse in Bron 3B ondersteun met betrekking tot die Swartmagbeweging. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Hoe, volgens die inligting in die bron, het die FBI probeer om die aktiwiteite van swart politieke bewegings te beperk? Gee TWEE voorbeelde. (2 x 1) (2)

3.5.2 Verduidelik waarom jy dink 'die mees intensiewe operasies' van die FBI teen die Swartmagbeweging en die Black Panther-party gerig was. (2 x 2) (4)

3.5.3 Haal TWEE redes uit die bron aan wat te kenne gee dat lede van die Black Panther-party onder skoot gekom het. (2 x 1) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik watter invloed die Swartmagbeweging in die 1960's op swart Amerikaners gehad het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

Mao Zedong se beleid was om tussen 1958 en 1969 Kommunistiese China se industriële en landbou-uitset te verhoog.

Bespreek hierdie stelling krities met verwysing na Mao Zedong se beleid van die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Revolusie. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Verduidelik tot watter mate die beleid van Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere in die 1960's en die 1970's die ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkeling van hulle onderskeie lande beïnvloed het. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

Die Burgerregtebeweging het in die 1960's verskeie vorme van protes, wat die lewens van swart Amerikaners verbeter het, onderneem.

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

FEBRUARIE/MAART 2018

ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1: HOE HET DIE ONTPLOOIING VAN SOWJETMISSIELE IN KUBA IN 1962 KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VERERGER?

### BRON 1A

Die uittreksel hieronder fokus op die verhouding wat Kuba met die Sowjetunie gehad het.

Kuba se bande met die USSR is versterk deur twee van Castro se mees vertroude raadgewers – sy broer, Raul Castro, en die legendariese revolusionêr, Che Guevara. Albei mans het die kommunistiese ideologie van die Sowjets gedeel ... Castro het begin glo dat die Amerikaners Kuba sou inval, ongeag wat ook al gebeur. Hierdie vrees het hom in die arms van die Sowjets ingedryf. Die USSR en al sy bondgenote het spoedig militêre hulp en wapens aan Kuba verskaf.

Khrushchev en die Sowjets kon nie vir 'n bondgenoot met 'n beter ligging teen die Verenigde State gevra het nie. Die Amerikaners het bondgenote regoor die Oostelike Halfrond, wat die USSR omring het, gehad. Die Verenigde State het 'n groot aantal militêre magte in Europa naby Sowjet-grense gehad ... Dit was alombekend dat die Verenigde State kernmissiele, wat op die Sowjetunie gerig was, in Turkye gehad het.

Terwyl die Verenigde State magte gehad het wat die USSR omring het, het die Sowjets geen militêre teenwoordigheid in die Westelike Halfrond gehad nie. Hulle het nie eens vliegdekskepe gehad om hulle vliegtuie binne trefafstand van die Amerikaanse vasteland te plaas nie. Maar die nuwe bondgenootskap tussen Kuba en die USSR het dit alles verander toe Khrushchev en die Sowjets 'n militêre basis minder as 100 myl (161 km) van die Verenigde State af gekry het. Nadat die Sowjets missiele na Kuba geneem het, sou die wêreld se magsbalans verskuif. Dit was iets wat die Amerikaanse regering nie sou toelaat nie.

[Uit *The Cuban Missile Crisis – To the Brink of War* deur PJ Byrne]

**BRON 1B**

Die bron hieronder fokus op hoe President Kennedy op die ontplooiing van Sowjet-missiele in Kuba gereageer het.

Kennedy en sy raadgewers het gedebatteer oor wat om met die missiele in Kuba te doen. Op Dinsdag 16 Oktober, dieselfde oggend wat hy van die foto's gehoor het, het die President onmiddellik 'n vergadering belê. Kennedy en sy raadgewers het voor die middag in die Wit Huis se kabinetskamer vergader.

Verskeie intelligensie-offisiere wat die foto's voorgelê het en besonderhede oor die missiele uitgewys het, het by die President in die groot vertrek aangesluit. Dit is in westelike Kuba, in die San Cristobal-omgewing, gevind. Die President en sy raadgewers het die bewyse bestudeer en die intelligensie-offisiere vrae oor die foto's en die missiele gevra. Hulle het gewonder of daar nog missiele in Kuba kon wees wat nie op hierdie spioenasiefoto's gesien kon word nie.


Die President het saam met sleutelfigure van sy Kabinet 'n span deskundiges saamgestel om hom te help besluit wat om te doen. Die meeste van die raadgewers was deel van die President se administrasie, maar Kennedy het ook na die advies van kenners van Sowjetbetrekkinge buite sy regering gesoek. Hierdie groep het bekend geword as die Executive Committee of the National Security Council, of sommer 'ExComm' kortweg. … Die jong President het geweet dat hy al die advies wat hy kon kry, nodig sou hê.

[Uit *The Cuban Missile Crisis – To the Brink of War* deur PJ Byrne]

Kopiereg voorbehou

**BRON 1C**

Die spotprent hieronder is getiteld 'Drop it!' (Los dit!). Dit wys 'n arend wat probeer om 'n muis wat 'n missiel dra, te vang.




[Uit www.plainlocal.org/userfiles/508/classes/1085/Cuban. Toegang op 3 Januarie 2017 verkry.]

**BRON 1D**

Hierdie bron is 'n uittreksel uit 'n brief wat Andrei Gromyko (Sowjet Minister van Buitelandse Sake) op 20 Oktober 1962 aan JF Kennedy (President van die Verenigde State van Amerika) geskryf het. Dit verduidelik die Sowjetunie se posisie oor die ontplooiing van missiele in Kuba.

Die Sowjetregering is 'n voorstaander van die vreedsame naasbestaan van state met verskillende maatskaplike stelsels, is teen die inmenging van een staat in die interne sake van andere en teen die ingryping van groot state in die sake van klein lande.

Meneer die President (Kennedy), u is welbekend met die houding van die Sowjetregering en persoonlik, dit van Nikita Khrushchev teenoor die gevaarlike ontwikkelings wat verband hou met die VSA se administrasieposisie oor die Kubaanse aangeleentheid. 'n Onbeperkte anti-Kubaanse veldtog is al lank in die VSA aan die gang en blykbaar is daar 'n definitiewe VSA-administrasiebeleid daaragter. Die VSA poog op die oomblik om Kubaanse handel met ander state te blokkeer. Daar is sprake van 'n moontlikheid van aksies van georganiseerde beleid in hierdie streek onder die VSA se beskerming.

… Om die een of ander rede is die VSA-administrasie van mening dat die Kubane hulle huishoudelike sake nie na eie goeddunke moet oplos nie, maar eerder na die goeddunke van die VSA. Maar op watter gronde? Kuba behoort aan die Kubane, nie aan die VSA of enige ander staat nie. En aangesien dit so is, waarom word daar stellings in die VSA gemaak wat vir 'n inval in Kuba vra? Waarvoor het die VSA Kuba nodig?

Wie kan in alle eerlikheid glo dat Kuba 'n bedreiging vir die VSA is? As ons oor die grootte en hulpbronne van die twee lande, die VSA en Kuba, praat, dan is dit duidelik dat hulle 'n reus en 'n baba is. Die flagrante (opsetlike) ongegrondheid van sulke aantygings teen Kuba is voor die hand liggend.

[Uit *New Evidence on the Cuban Missile Crisis* deur J Hershberg]

## VRAAG 2: HOE HET BUITELANDSE MAGTE NA ONAFHANKLIKHEID IN ANGOLA INGEMENG?

### BRON 2A

Hierdie uittreksel fokus op die dekolonisasieproses wat in 1975 in Angola begin het. Dit is deur die historikus, Alexandra Kaure, geskryf.

Die oorgang na onafhanklikheid in Angola is deur geweld, verdeeldheid en buitelandse inmenging bederf. Die gewapende stryd teen die outoritêre en ontoegeeflike Portugese koloniale regime het in 1961 begin en het drie mededingende bewegings betrek: Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA), National Front for the Liberation of Angola (FNLA) en National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) … Die Alvor-ooreenkoms, wat op 15 Januarie 1975 oorhaastig gesluit en geteken is tussen die Portugese regering en die drie nasionalistiese bewegings, het onafhanklikheid op 11 November van daardie selfde jaar beloof.

Die Alvor-ooreenkoms het bepaal dat 'n oorgangsregering van nasionale eenheid, wat die drie bewegings en Portugal insluit, ingestel word en elke ministerie wat deur een party gehou is, moes twee ministers van buitelandse sake hê, een uit elk van die mededingende partye …

In die ooreenkoms is ook voorsiening gemaak vir die stigting van 'n nasionale weermag bestaande uit 8 000 man uit elke beweging en 24 000 Portugese troepe, wat altesaam 'n mag van 48 000 uitgemaak het. Die Portugese troepe sou tot 19 Februarie 1976 in Angola bly … Nog 'n bepaling onder Artikel 40 van die Alvor-ooreenkoms was dat die oorgangsregering binne nege maande vanaf 31 Januarie 1975 algemene verkiesings vir 'n konstitusionele vergadering moes reël. Hierdie reëlings sou egter nie lank hou nie.


Die oorgangsregering het teen Julie 1975 ineengestort as gevolg van wedersydse wantroue onder die drie groepe wat tot die uitbreek van gevegte gelei het.

[Uit *Angola from Socialism to Liberal Reforms* deur A Kaure]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2B**

Die foto hieronder toon Agostinho Neto (MPLA), Holden Roberto (FNLA) en Jonas Savimbi (UNITA) in gesprek by die Alvor-spitsberaad wat in Portugal gehou is. Dit is op 15 Januarie 1975 in die *News Diary of Lisbon*, 'n Portugese koerant, gepubliseer.




[Uit http://bcavalaria8423.blogspot.co.za/2015_01_01_archive.html. Toegang op 16 November 2016 verkry.]

**BRON 2C**

Die uittreksel hieronder verduidelik hoe buitelandse magte in die mid-1970's by Angola betrokke geraak het. Dit is deur Victoria Brittain geskryf, 'n joernalis wat tien jaar in Angola gewerk het.

Dit was 'n oorwinning vir Afrika se bevrydingsbeweging toe die rooi en swart vlag met die geel ster, wat onafhanklike Angola verteenwoordig, op 11 November 1975 oor Luanda gehys is en die onderdrukkende bloed-deurdrenkte jare van Portugese kolonialisme beëindig is, maar ook 'n oorwinning met 'n politieke en emosionele weerklank (betekenis) ver anderkant die vasteland … Angola se swaar verdiende onafhanklikheid was 'n belofte aan miljoene verder suid op die vasteland dat die vryheid vir die res van die kontinent moontlik was …

… Angola se natuurlike hulpbronne, onder andere olie en diamante, sy grootte en sy strategiese ligging het dit so aanloklik gemaak dat die groot moondhede nie eens vir 'n oomblik daarvan gedroom het om die toekomstige rigting aan die Angolese oor te laat nie …

Die Amerikaners het in 1975 die geskiedenis van Angola vervals om 'n Sowjet- en Kubaanse bedreiging in die gebied te skep, wat op die hoogtepunt van die Koue Oorlog, teengewerk moes word. Hulle het beweer dat die MPLA nooit van plan was om mag met die ander twee partye te deel nie en saam met die Sowjets en Kubane planne beraam het om die FNLA en UNITA militêr te vernietig wat die Sowjetunie 'n strategiese vastrapplek in die sleutelgebied van Afrika sou gee.

Die realiteit was baie anders. Henry Kissinger en die komitee van 40 het in Januarie 1975 in Washington 300 000 dollar vir die MPLA se hoofmededingende groep, die FNLA, goedgekeur. Die leier van die FNLA, Holden Roberto, was sedert 1961 in diens van die CIA … die Amerikaners het ook groter militêre ondersteuning aan UNITA gegee en regdeur die jaar het lokvalle en sluipmoorde op die MPLA deur sy twee mededingers die land gedestabiliseer en 'n bespotting van magsdeling in die oorgangsregering gemaak. Die belangrikste was egter dat die Amerikaners die Suid-Afrikaanse regering toestemming gegee het om 'n ambisieuse militêre avontuur aan te pak …

[Uit *Death of Dignity* deur V Brittain]

**BRON 2D**

Hierdie bron fokus op wat ná onafhanklikheid in Angola plaasgevind het. Dit is deur Generaal Jannie Geldenhuys (Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag vanaf 1985 tot 1990) geskryf.

Die Portugese het die mag in Angola aan 'n 'Regering van Nasionale Eenheid' oorgegee volgens 'n ooreenkoms wat in Januarie 1975 in die Portugese dorp, Alvor, onderteken is …

Hierdie oorgangsregering was veronderstel om te regeer totdat 'n algemene verkiesing gehou is, met onafhanklikheid wat op 11 November moes plaasvind, maar dit het nie so gebeur nie. Portugal kon nie of wou nie enige werklike invloed gedurende die oorgangstydperk uitoefen nie as gevolg van sy eie interne probleme. Die oorgangsregering het gedisintegreer en, met die hulp van Kubaanse troepe, het die MPLA gou die enigste leiers in die hoofstad, Luanda geword. Roberto (FNLA) en Savimbi (UNITA) het die bosse ingevaar, waarvandaan hulle oorlog teen die MPLA verklaar het. Angola het gou 'n slagveld geword …

Daar moet in gedagte gehou word dat die patroon van die groot magte in die 1960's en 1970's was om kant te kies en in streeks- en plaaslike konflikte betrokke te raak en sodoende het hulle die aktiewe deelname van hulle bondgenote verseker. Die Verenigde State van Amerika was die leier van die Weste en die Sowjetunie van die Ooste en die deelname van die Amerikaners saam met hulle bondgenote en die Sowjets saam met hulle s'n op amper elke kontinent is algemene kennis … Dit is die internasionale 'Koue Oorlog'-agtergrond waarteen die konflikte van daardie tyd beskou moet word.

In Angola het die Sowjetunie, Kuba en verskeie Oosblok-lande vir Augostino Neto en die MPLA ondersteun. Amerika het hulle aan die kant van Holden Roberto en die FNLA geskaar, wat op hul beurt 'n alliansie met Jonas Savimbi en UNITA gevorm het. Suid-Afrika het so, met die oorlog op sy drumpel, deel van die alliansie teen Marxisme geword.

[Uit *At the Front. A General's Account of South Africa's Border War* deur J Geldenhuys]

## VRAAG 3: WATTER INVLOED HET DIE SWARTMAGBEWEGING IN DIE 1960's OP SWART AMERIKANERS GEHAD?

### BRON 3A

Die uittreksel hieronder verduidelik die redes vir die totstandkoming van die Swartmagbeweging in die Verenigde State van Amerika in die 1960s.

Die Swartmagbeweging het uit die Burgerregtebeweging gegroei, wat gedurende die 1950's en 1960's voortdurend momentum verkry het. Alhoewel dit nie 'n formele beweging was nie, was die Swartmagbeweging 'n keerpunt in swart-wit verhoudings in die Verenigde State en ook oor hoe swartes hulself beskou het. Die beweging is deur sommiges verwelkom as 'n positiewe en pro-aktiewe mag wat daarop gemik was om swartes te help om volle gelykheid met wittes te bewerkstellig, maar dit is deur ander verguis (gesmaad/gehaat) as 'n militante, soms gewelddadige faksie, met die primêre doel om 'n wig (skeiding) tussen wittes en swartes in te dryf. In werklikheid was die Swartmagbeweging 'n komplekse gebeurtenis wat op 'n tydstip plaasgevind het toe die samelewing en kultuur regdeur die Verenigde State getransformeer is, en die nalatenskap daarvan weerspieël daardie kompleksiteit.

Swartes is steeds met laer lone as wittes, hoër misdaadsyfers in hul woonbuurte en onuitgesproke, maar tasbare rassediskriminasie gekonfronteer. Jong swartes veral het die Burgerregtebeweging beskou as te gewoon om werklike maatskaplike verandering te genereer. Wat hulle wou hê, was iets wat die proses sou versnel en swartes dieselfde geleenthede as wittes sou bied, nie net maatskaplik nie, maar ook ekonomies en polities. Miskien nog belangriker was dat hulle gevoel het dat die Burgerregtebeweging meer op wit persepsies van burgerregte as op swart persepsies gebaseer is.

Ontevredenheid oor die tempo van verandering het teen die middel van die 1960's onder swartes toegeneem. Die term 'swart mag' was sedert die 1950's in die omtrek, maar dit was Stokely Carmichael, hoof van die Student Non-violent Coordinating Committee (SNCC), wat die term in 1966 gewild gemaak het.

[Uit http://www.encyclopedia.com/social-sciences-and-law/sociology-and-social-reform/social-reform/black-power-movement. Toegang op 18 November 2016 verkry.]

**BRON 3B**

Hierdie uittreksel hieronder fokus op Stokely Carmichael se standpunte oor die filosofie van die Swart Mag. Dit is geneem uit 'n toespraak wat Carmichael op 28 Julie 1966 by die Universiteit van Kalifornië, Berkeley, gelewer het.

Wanneer ons koalisies (vennootskappe) vorm, moet ons sê op grond waarvan ons dit gaan vorm; nie witmense wat ons vertel hoe om dit te vorm nie. Ons moet mag en trots onder onsself bou. Ons moet polities dink en mag kry want ons is die enigste mense in hierdie land wat magteloos is. Ons is die enigste mense wat onsself teen ons beskermers moet beskerm. Ons is die enigste mense wat wil hê dat 'n man genaamd Willis, wat 'n rassis is, verwyder moet word, wat in die straat moet lê en 'n rassis met die naam Daley moet smeek om die rassis, genaamd Willis, te verwyder. Ons moet 'n beweging bou sodat ons Daley kan gaan spreek en sê: 'Sê vir Willis om sy goed te vat en te loop,' en teen die tyd dat ons omdraai, is hy weg. Dit is Swart Mag.

Almal in hierdie land is vir 'Vryheid Nou', maar nie almal is vir Swart Mag nie, want ons moet van sommige mense wat wit mag het, ontslae raak. Ons moet vir ons Swart Mag kry. Ons beheer niks behalwe wat wit mense sê ons kan beheer nie. Ons moet in staat wees om enige politieke masjien in die land wat ons onderdruk, te vernietig en op sy knieë te dwing.

Ons moet bewus wees daarvan dat as ons aanhou groei en vermeerder soos wat ons nou doen, al die groot stede binne tien jaar ons s'n sal wees. Ons moet weet dat ons in Newark, New Jersey, sestig persent van die bevolking uitmaak. Ons het saam met hul stories oor integrasie gegaan en ons is geabsorbeer. Al wat ons het om te wys, is drie raadslede wat vir hulle praat en nie vir ons nie. Ons moet onsself organiseer om vir mekaar te praat. Dis Swart Mag. Ons moet oorgaan tot stappe om die ekonomie en politiek van ons gemeenskap te beheer …

[Uit:http://www.encyclopedia.com/history/dictionaries-thesauruses-pictures-and-press-releases/black-power-sp. Toegang op 18 November 2016 verkry]

## BRON 3C

Die plakkaat hieronder is 'n afbeelding van die Swartmagaktivis en feminis, Angela Davis. Om die raam van die plakkaat is die woorde 'POWER TO THE PEOPLE' (MAG AAN DIE MENSE) geskryf. Hierdie woorde is oorgetik om dit duideliker te maak.




[Uit https://za.pinterest.com/pin/354095589437747057/.
Toegang op 13 April 2017 verkry.]

**BRON 3D**

Die bron hieronder verduidelik hoe die Federale Speurdiens (FBI) probeer het om te voorkom dat die Swartmagbeweging sy aktiwiteite uitvoer.

Die FBI het begin om 'radikale' politieke opposisie in die VSA te elimineer. Toe tradisionele wyses van onderdrukking (blatante teistering) nie die toenemende opstand kon teenstaan nie en dit eerder aangevuur het, het die FBI die wet in eie hande geneem en in die geheim bedrog en geweld gebruik om grondwetlik beskermde politieke aktiwiteite te saboteer.

Die FBI het hulle veldkantore in die geheim beveel om planne voor te stel om spesifieke individue en groepe te mislei, te diskrediteer, te ontwrig en andersins te neutraliseer. Noue koördinasie (samewerking) met plaaslike polisie en aanklaers is aangemoedig.

Die mees intensiewe operasies was op die Swartmagbeweging gerig, veral die Black Panther-party. Dit was te wyte aan FBI- en polisierassisme. Die swart gemeenskap se gebrek aan materiële hulpbronne om terug te veg en die neiging van die media – en wittes in die algemeen – om aanvalle op swart groepe te ignoreer of te verdra het hulle situasie vererger. Dit het ook regerings- en korporatiewe vrees vir die Swartmagbeweging weerspieël weens die militantheid daarvan. Die Black Panthers het onder skoot gekom op 'n tydstip toe hulle gratis kos, gratis gesondheidsorg en gratis gemeenskapsgebaseerde onderrig verskaf het. Daarom is hulle gedwing om gewere te dra.

[Uit http://blackpast.org/1966-stokely-carmichael-black-power-0.
Toegang op 17 Februarie 2017 verkry.]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Brittain, V 1998. *Death of Dignity* (Pluto Press)

Byrne, PJ. 2006. *The Cuban Missile Crisis – To the Brink of War* (Compass Point Books, Minneapolis, Minnesota)

Geldenhuys, J. 2009. *At the Front. A General's Account of South Africa's Border War* (Jonathan Ball)

Hershberg, JG. 1969. *New Evidence on the Cuban Missile Crisis* (Cold War International History Project Bulletin)

http://bcavalaria8423.blogspot.co.za/2015_01_01_archive.html

http://blackpast.org/1966-stokely-carmichael-black-power-0

http://www.encyclopedia.com/history/dictionaries-thesauruses-pictures-and-press-releases/black-power-sp

http://www.encyclopedia.com/social-sciences-and-law/sociology-and-social-reform/social-reform/black-power-movement

https://za.pinterest.com/pin/354095589437747057

Kaure, A. 1999. *Angola from Socialism to Liberal Reforms*, (Southern African Regional Institute for Policy Studies)

www.plainlocal.org/userfiles/508/classes/1085/Cuban

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**GESKIEDENIS V1**

**FEBRUARIE/MAART 2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 25 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.

- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.
- Maak regmerkies (✓), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

  _______________●_______________________●__________________________
  ______________________●____________________________
  ✓✓✓✓✓
  Vlak 2

- Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.
  Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevante inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante <u>inleiding</u> (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyne) en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyne).
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, kan daar dus omtrent 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van ŉ opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ___________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

## * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1 – 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

**VRAAG 1: HOE HET DIE ONTPLOOIING VAN SOWJETMISSIELE IN KUBA KOUE OORLOG-SPANNING IN 1962 TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VERHOOG?**

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Sy broer, Raul Castro'
- 'Che Guevara' (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 1A – V1]*
- 'n Ideologie wat 'n klaslose gemeenskap waar privaat eienaarskap verbied word, voorstaan
- 'n Politieke teorie wat bepaal dat alle eiendom en produksiemiddele deur die staat besit sal word en waar elke persoon betaling sal ontvang volgens hulle vermoë en behoeftes
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Castro het begin glo dat die Amerikaners Kuba sou inval, al gebeur wat'
- 'Vrees' (enige 1 x 1) (1)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*
- Om die verspreiding van kommunisme teen te werk
- Om die Sowjetunie te omring met kapitalistiese lande om die verspreiding van kommunisme in toom te hou
- Om die grense van die Sowjetunie te monitor en die verspreiding van kommunisme te voorkom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Om te besluit wat om met die missiele in Kuba te doen'
- 'Hy het meer oor die foto's uitgevind' (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Om meer uit te vind oor die foto's en missiele
- Om die foto's wat aan hom gewys is, te analiseer
- Om uit te vind of daar meer missiele in Kuba is
- Om al die bevindings te evalueer en aanbevelings te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Om hom te help bepaal wat om te doen'
- 'Kennedy het die advies van kenners van Sowjet-betrekkinge buite sy regering gesoek' (enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse in Bron 1B – V3]*

**Die Bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit geneem is uit 'n historiese boek, 'The Cuban Missile Crisis to the Brink of War', geskryf deur PJ Byrne
- Dit inligting gee oor hoe President Kennedy gereageer het op die ontplooiing van missiele in Kuba
- Dit lig werp op hoe President Kennedy advies gesoek het oor hoe om die ontplooiing van missiele in Kuba te hanteer
- Dit verduidelik hoe ExComm gestig is
- Die inligting in hierdie bron ooreenkom met soortgelyke bronne oor die reaksie van die VSA op die ontplooiing van missiele in Kuba
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*

- Die VSA word verteenwoordig deur 'n arend wat Kuba dreig om die missiel te los of anders die gevolge daarvan dra
- Die VSA word as 'n arend uitgebeeld en is sterker as Kuba, wat deur 'n muis verteenwoordig word
- Kuba (die muis) hou die Sowjetmissiel vas ten spyte van die dreigement deur die VSA
- Dit beeld die krag van die VSA (grootte van 'n arend) uit en die swakheid van Kuba (grootte van die muis)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*

(a)

- Die hamer en sekel simbool verteenwoordig kommunisme wat 'n ideologie was van die Sowjetunie en Kuba
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)

- Die Sowjetmissiele moet uit Kuba verwyder word
- Die Sowjetunie moet die ontplooiing van missiele na Kuba stop
- Kuba moet ophou om die ideologie van kommunisme te volg
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4 *[Vergelyking tussen inligting in Bron 1B en 1C – V3]*

- Bron 1B voorsien bewyse van die bestaan van die Sowjetmissiele in Kuba en Bron 1C toon die VSA (arend) wat Kuba beveel om die Sowjetmissiele te los
- Die ontdekking van Sowjetmissiele lei tot die totstandkoming van ExComm (Bron 1B) wat Kennedy aangeraai het om te beveel dat die Sowjetunie sy missiele uit Kuba (Bron 1C) onttrek
- Albei bronne verwys na die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba
- Albei bronne toon hoe die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba gesien is as 'n bedreiging
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5
1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Vreedsame naasbestaan van state met verskillende maatskaplike stelsels'
- 'Teen die inmenging van een staat in die interne sake van andere'
- 'Teen die ingryping van groot state in die sake van klein lande' (3 x 1) (3)

1.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- ''n Onbeperkte anti-Kubaanse veldtog is al lank aan die gang'
- 'Daar is 'n definitiewe VSA administrasie beleid daaragter'
- 'Die VSA poog op die oomblik om Kubaanse handel met ander state te blokkeer' (enige 2 x 1) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Kuba was 'n soewereine staat
- Die VSA het geen reg gehad om bepalings voor te skryf oor hoe Kuba regeer moes word nie
- Die VSA kon nie besluit oor watter beleid Kuba moet volg nie
- Die Kubane het die reg gehad om hulle eie besluite te neem met betrekking tot hoe hulle land regeer moet
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- VSA was ekonomies en militêr superieur/groter as Kuba
- Kuba was by verre kleiner as die VSA
- Kuba was nie 'n geïndustrialiseerde land nie
- VSA het kernwapens gehad terwyl Kuba niks gehad het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die VSA vrees die verbeterde bande tussen Kuba en die Sowjetunie (Bron 1A)
- Die Sowjetunie en sy bondgenote het militêre hulp en wapens aan Kuba voorsien (Bron 1A)
- Die Sowjetunie het 'n militêre basis minder as 161 km vanaf die VSA opgerig (Bron 1A)
- President Kennedy maak 'n groep adviseurs bymekaar om die foto's en Sowjetmissiele wat in Kuba ontplooi is, te bestudeer (Bron 1B)
- President Kennedy stig ExComm vir deskundige raad oor die ontplooiing van Sowjetmissiele (Bron 1B)
- Die VSA het 'n blokkade op Sowjetskepe wat Kuba wou bereik ingestel (own knowledge)
- Die VSA beveel die Sowjetunie om sy missiele uit Kuba te onttrek (eie kennis)
- Die VSA beveel Kuba om die Sowjetmissiele te 'los' (Bron 1C)
- Die Sowjetunie blameer die VS regering oor Kuba se ekonomiese probleme (Bron 1D)
- Die Sowjetunie versoek die VSA om Kuba se soewereiniteit te respekteer (Bron 1D)
- Die Sowjetmissiele is strategies in Kuba ontplooi en was 'n bedreiging vir die VSA (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die ontplooiing van Sowjetmissiele in Kuba Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie verhoog het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die ontplooiing van Sowjetmissiele in Kuba Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie verhoog het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die ontplooiing van Sowjetmissiele in Kuba Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie verhoog het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET BUITELANDSE MOONDHEDE IN ANGOLA NA ONAFHANKLIKHEID INGEGRYP?**

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Geweld'
- 'Verdeeldheid'
- 'Buitelandse inmenging' (enige 2 x 1) (2)

2.1.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 2A – V1]*
- 'n Enkel persoon of party regering wat mense hulle vryheid en burgerregte ontsê, bv. Portugese regering in Angola was outoritêr
- Dit verwys na die Portugese koloniale regering wat Angolese vryheidsbewegings onderdruk het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Dit lei tot die totstandkoming van 'n oorgangsregering van nasionale eenheid sodat geen enkel-party die uitvoerende mag in Angola kon beheer nie
- Dit het 'n nasionale weermag met troepe van drie nasionale bewegings en Portugal tot stand gebring om te verhoed dat 'n enkel-party die weermag beheer
- Die Alvor-ooreenkoms het verseker dat die Portugese troepe in Angola bly tot Februarie 1976 om te help met die oordrag van mag van Portugal na 'n Angolese tussentydse regering
- Oorgangsregering moet algemene verkiesings binne nege maande vanaf 31 Januarie 1975 organiseer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Wedersydse wantroue onder die drie groepe'
- 'Lei tot die uitbreek van gevegte' (2 x 1) (2)

2.2
2.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Om die drie leiers (ondertekenaars) te toon wat verskillende politieke ideologieë gevolg het en bereid was om saam te werk by die Alvor Spitsberaad om die toekoms van 'n onafhanklike Angola te bespreek
- Om te toon dat daar hoop was vir Angola se vreedsame oorgang na onafhanklikheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.2 *[Evaluering van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 2B – V3]*
**Die Bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit 'n oorspronklike foto is wat geneem is ten tye van die vergadering by Alvor
- Dit 'n foto is wat in 'n Portugese koerant gepubliseer is wat dan te kenne gee dat die gebeure rondom Angola se onafhanklikheid in die belange van die Portugese was
- Dit die leiers toon van die drie Angolese vryheidsbewegings in 1975
- Dit 'n bewys is dat die drie leiers gewillig was om in onderhandelings deel te neem om Angola se toekoms na onafhanklikheid te bespreek
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3
2.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Polities het die onafhanklikheid van Angola die einde van Portugese koloniale regering in Afrika aangedui
- Polities het dit geïmpliseer dat koloniale regering beëindig kon word in Afrika-lande; Angola sou nou 'n potensiële basis wees wat gebruik kon word in die stryd teen kolonialisme
- Emosioneel het dit hoop gegee aan mense in suidelike Afrika wat steeds onder koloniale regerings was
- Emosioneel was dit 'n inspirasie vir vryheidsbewegings soos die ANC en SWAPO wat steeds vir vryheid geveg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Angola se natuurlike hulpbronne, insluitende olie en diamante'
- 'Sy grootte'
- 'Sy strategiese ligging' (enige 2 x 1) (2)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Om 'n Sowjet- en Kubaanse bedreiging in die gebied te skep' (1 x 2) (2)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Die VSA het een van die vryheidsbewegings (FNLA) wat 'n mededinger was van die MPLA befonds
- Die VSA het sy ondersteuning aan UNITA, nog 'n vryheidsbeweging en mededinger van die MPLA, vergroot
- Deur die befondsing van die hoofmededingende groepe teen die MPLA, het die VSA die potensiaal vir 'n burgeroorlog tussen die drie mededingende vryheidspartye verhoog
- VS befondsing en ondersteuning het aan UNITA toegelaat om aan te hou om die MPLA uit te daag (bv. hinderlae en sluipmoorde)
- Deur die ondersteuning aan die FNLA en UNITA bo die MPLA, het die VSA die magsdeling en oorgangsregering wat by die Alvor-ooreenkoms in plek gestel is, ondermyn
- Het Suid-Afrikaanse ingryping in Angola teen die MPLA regering aangemoedig en ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4
2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- 'Dit is eie interne probleme'
- 'Die oorgangsregering het gedisintegreer'
- 'Die MPLA het die enigste leiers van Angola geword'
- 'Roberto (FNLA) en Savimbi (UNITA) het die bosse ingevaar waarvandaan hulle oorlog teen die MPLA verklaar het' (enige 1 x 2) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*

- Die betrokkenheid van die VSA, die Sowjetunie en Kuba in Angola was 'n duidelike bewys van die verlenging van die Koue Oorlog
- Buitelandse lande het kant gekies in die Angolese konflik
- Die VSA as leier van die Weste en die Sowjetunie as leier van die Ooste het die FNLA tesame met UNITA en die MPLA onderskeidelik, ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- 'Sowjetunie'/ Sowjets
- 'Kuba'/ Kubane (2 x 1) (2)

2.5 *[Vergelyking tussen inligting in Bron 2C en 2D – V3]*

- Beide Bron 2C en 2D het die Koue Oorlog-mededinging tussen die Ooste en die Weste beklemtoon as 'n rede vir buitelandse betrokkenheid in die Angolese burgeroorlog
- Albei bronne gee te kenne dat Suid-Afrika betrokke geraak het in Angola want hulle is aangemoedig om by die VSA aan te sluit in 'n anti-Marxistiese alliansie
- Beide Bron 2C en 2D toon dat die Sowjetunie en Kuba die MPLA ondersteun terwyl die VSA en Suid-Afrika UNITA en die FNLA ondersteun het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die anti-koloniale stryd in Angola het die MPLA, FNLA en UNITA wat deur buitelandse magte befonds is, betrek (Bron 2A en 2C)
- Wedersydse wantroue tussen vryheidsorganisasies het tot gevolg gehad dat hulle aangehou het om ondersteuning van buitelandse magte na die Alvor-ooreenkoms te ontvang (Bron 2A, 2C en 2D)
- Die VSA en Suid-Afrika het UNITA en die FNLA ondersteun (Bron 2A, 2B en 2D)
- Die USSR en Kuba het die MPLA ondersteun (Bron 2A, 2B en 2D)
- Angola was ryk aan natuurlike hulpbronne en van strategiese belang, daarom wou beide die VSA en die USSR in hulle invloedsfeer bly (Bron 2C)
- Angola se onafhanklikheid het plaasgevind in die konteks van Koue oorlog-mededinging; Oos en Wes het kant gekies en eerder mededingende politieke organisasies gerugsteun as om die Regering van Nasionale Eenheid te ondersteun (Bron 2D)
- Portugal was te verswak deur interne probleme om toesig te hou oor die oorgang na 'n onafhanklike en verenigde Angola (Bron 2D)
- Die VSA het ook indirek ingegryp, byvoorbeeld, deur die ondersteuning wat Zaïre aan die FNLA aangebied het (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe buitelandse moondhede in Angola na onafhanklikheid ingegryp het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe buitelandse moondhede in Angola na onafhanklikheid ingegryp het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe buitelandse moondhede in Angola na onafhanklikheid ingegryp het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE SWARTMAGBEWEGING OP SWART AMERIKANERS GEDURENDE DIE 1960's GEHAD?

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Die Swartmagbeweging het uit die Burgerregtebeweging, wat voortdurend momentum verkry het gedurende die 1950's en 1960's, gegroei' (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 3A – V1]*
- 'n Filosofie wat sy oorsprong in die 1960's onder swart Amerikaners gehad het, wat rasse-trots en maatskaplike gelykheid beklemtoon het deur die vorming van politieke en kulturele instellings
- 'n Oproep om Swarttrots en swart Amerikaanse kultuur te laat oplewe
- 'n Filosofie wat die regte van swartmense ondersteun het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2 ) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A –V1]*
- 'Die beweging is deur sommige verwelkom as 'n positiewe en pro-aktiewe mag wat daarop gemik was om swartes te help om volle gelykheid met wittes te bewerkstellig'
- 'Dit was deur ander verguis (gesmaad/gehaat) as 'n militante, soms gewelddadige faksie wie se primêre doel was om 'n wig tussen wittes en swartes in te dryf'

(2 x 1) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Laer lone as wittes'
- 'Hoër misdaadsyfer in hul woonbuurte'
- 'Tasbare rassediskriminasie' (3 x 1) (3)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*
- Hulle het die Burgerregtebeweging gesien as te gewoon wat beide wit- en swart Amerikaners geakkommodeer het om verandering te bring
- Hulle wou hê dat swart Amerikaners gou dieselfde geleenthede het as wit Amerikaners
- Hulle het gevoel dat die Burgerregtebeweging nie die uitdagings aangespreek het wat swart Amerikaners in die gesig moes staar nie
- Hulle het gevoel dat die Burgerregtebeweging te passief was en wit mense met gemak geakkommodeer het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Ons moet sê op watter grondslag ons hulle gaan vorm'
- 'Nie wit mense wat ons vertel hoe om hulle te vorm nie'
- 'Ons moet mag en trots ondermekaar bou'
- 'Ons moet polities dink en mag kry'
- 'Ons moet onsself van ons beskermers beskerm' (enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

- Die VS regering is bedreig deur die Swartmagfilosofie
- Meeste wit korporatiewe maatskappye het nie Swartmag ondersteun nie/ vrees swart werkerseenheid
- Rassistiese wit Amerikaners het 'n swart oplewing/teenreaksie gevrees
- Wit Amerikaners het meesal die Swartmagfilosofie misverstaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van bewyse in Bron 3B – V3]*

**Die Bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit eerstehandse inligting gee uit Stokely Carmichael se toespraak (die oorspronklike teks)
- Stokely Carmichael een van die leiers van die Swartmagbeweging was
- Dit die Swartmagfilosofie adresseer
- Dit swart Amerikaners aangemoedig het om op te staan vir hulle regte en om trots op hulleself te wees
- Dit die antagonisme deur wit Amerikaners teenoor Swartmag vasgevang het
- Dit het swart Amerikaners aangemoedig om geweld te gebruik bv. om enige politieke masjien wat swart Amerikaners onderdruk te vernietig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*

- Dit toon Angela Davis wat 'n voorstaander was van Swartmag soos gesien kan word deur haar Afro-haarstyl en oorbelle
- Dit dra die boodskap van 'Black is beautiful' oor
- Die woorde 'MAG AAN DIE MENSE' op die raam van die plakkaat dui aan dat swart Amerikaners aangemoedig moet word om mag vir hulleself oor te neem
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*

- Die Swartmagbeweging het op mag en gelykheid vir alle swart Amerikaners aangedring
- Swartmag het geïmpliseer dat swart Amerikaners behoort te lei en nie op wit Amerikaners te moet steun nie
- Die Swartmagbeweging wou hê dat swart Amerikaners gelykheid moes bereik met wit Amerikaners
- Mag en Gelykheid moes diskriminasie en minderwaardigheid onder swart Amerikaners beëindig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking tussen inligting in Bron 3B en 3C – V3]*

- In Bron 3B het Stokely Carmichael gestel: 'Ons moet mag en trots ondermekaar bou' en die Afro-haarstyl in Bron 3C simboliseer Swarttrots
- Albei bronne verwys na swart Amerikaners wat veg vir mag omdat hulle magteloos is
- In Bron 3B het Stokely Carmichael gestel dat 'Ons beheer niks' en Bron 3C toon dat swart Amerikaners Gelykheid wou hê
- In Bron 3B beweer Carmichael dat swart Amerikaners ‘polities moet dink en mag kry’ en Bron 3C toon die vereiste vir ‘mag aan die mense’
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- ‘Die FBI het begin om radikale politieke opposisie in die VSA te elimineer’
- ‘Het tradisionele wyse van onderdrukking toegepas’
- ‘Die FBI het die wet in eie hande geneem en het in die geheim bedrog en geweld gebruik om grondwetlik-beskermde politieke aktiwiteit te saboteer’
- ‘Die FBI het hulle veldkantore in die geheim beveel om planne voor te stel om spesifieke individue en groepe te neutraliseer’
- ‘Nou saamgewerk met die plaaslike polisie en aanklaers’ (enige 2 x 1) (2)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D- V2]*

- Die FBI was 'n staatsliggaam wat wit Amerikaanse heerskappy en voorreg wou beskerm
- Die FBI het rassisme ondersteun wat teen swart Amerikaners gerig was
- Die Swartmagbeweging en die Black Panther-party was militant en sosialisties van aard
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- ‘Die neiging van die media – en die wittes in die algemeen – om aanvalle op swart groepe te ignoreer’
- ‘Die Black Panther het onder skoot gekom op ŉ tydstip toe hulle gratis kos, gratis gesondheidsorg en gratis gemeenskapgebaseerde onderrig verskaf het’ (2 x 1) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Dit het 'n keerpunt in die swart-wit verhoudings in die VSA aangedui (Bron 3A)
- Dit het die uitdagings wat swart Amerikaners moes trotseer beklemtoon (Bron 3A)
- Dit het die konsep Swartmag populêr gemaak (Bron 3A)
- Swart Amerikaners is bewus gemaak van hulle lyding en ontberinge (Bron 3B)
- Dit impliseer dat swart Amerikaners vir een van hulle eie mense moet stem (Bron 3B)
- Dit moedig swart Amerikaners aan om hulle eie programme daar te stel (Bron 3B)
- Die Black Panther-party het gemeenskapsprogramme tot stand gebring (bv. gratis ontbyt, gratis klere) (Bron 3C)
- Hulle het gratis kos, gratis gesondheidsorg en gratis gemeenskapsgebaseerde onderrig (Bron 3D)
- Die Swartmagbeweging het swart Amerikaners ŉ rede gegee om wapens vir selfverdediging te gebruik (Bron 3D)
- Aandklasse is gehou om die vlak van geletterdheid onder volwassenes te verbeter (eie kennis)
- Het regsadvieskantore geopen binne die swart Amerikaanse gemeenskappe (eie kennis)
- Het gemeenskappe bewus daarvan gemaak dat hulle hul woonbuurtes moes beskerm (eie kennis)

- Politiek het relevant geraak in die lewens van gewone swart Amerikaners (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor watter impak die Swartmagbeweging op swart Amerikaners gedurende die 1960's gehad het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor watter impak die Swartmagbeweging op swart Amerikaners gedurende die 1960's gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor watter impak die Swartmagbeweging op swart Amerikaners gedurende die 1960's gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**AFDELING B: OPSTEL VRAE**

**VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur analitiese en interpretasie vaardighede te gebruik]*

SINOPSIS

Daar word van kandidate verwag om die bydrae wat Mao Zedong se beleid van die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie gemaak het op China se industriële en landbou produksie tussen 1958 en 1969, krities te bespreek.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie positief of negatief bygedra het tot China se industriële en landbou produksie.

UITBREIDING

**Die Groot Sprong Vorentoe (Tweede Vyfjaarplan)**
- Gegrond op die sukses van die Eerste Vyfjaarplan (1953–1957) en die Honderd Blomme-veldtog
- Primêre fokus was op industrialisasie en sekondêre fokus was op landbou
- Die gebruik van landbouers as (ongeskoolde) menslike hulpbronne in die industriële sektor
- Amalgamasie van landbouers se plase in groot kommunes (te hoë en onbereikbare teikens)
- Verwydering van landbouers vanaf plase (en die effek daarvan) na nywerhede (afname in landbou produksie)
- Kleinboere is hoog belas
- Sukses in areas van die gesondheid, welsyn en onderwys
- Agterplaas-nywerhede (swak kwaliteit staalproduksie)
- Swak ekonomie en hongersnood (miljoene dood gemaak)
- Mao Zedong bedank in 1959 as staatshoof en handig ekonomiese mag oor aan Liu Shaoqi
- Enige ander relevante antwoord

**Die Kulturele Rewolusie (Derde Vyfjaarplan)**
- Die voorneme van China se Kommuniste Party was om die ekonomie te verbeter; landbouers sonder grond te bemagtig en swaar nywerhede te nasionaliseer
- Die rol van die Rooi Wagte (landbouers op te voed in beginsels van Kommunisme; leer lees en skryf)
- Veldtog om die 'Vier Oues' (Four Olds) aan te val: verandering van ou idees, tradisionele kultuur, gebruike en gewoontes
- Die Klein Rooi Boek (Mao se filosofieë oor Kommunisme; alle burgerlikes moes die beginsels van Kommunisme memoriseer; 'n bron van Kommunistiese propaganda in China)

Kopiereg voorbehou

- Sluiting van skole, kolleges en universiteite (omdat hulle krities, liberaal & elitisties is)
- Die Suiwerings (opponente van Kommunisme en Gematigdes is geëlimineer)
- Alle antikommunisiese kuns, boeke is vernietig
- Miljoene opponente/antirewolusionêres is doodgemaak
- Het ontslae geraak van Professioneles (lektore, onderwysers, ingenieurs, wetenskaplikes, ens.)
- Nuwe Mandaryne-klas is geëlimineer
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur analitiese en interpretasie vaardighede te gebruik]*

SINOPSIS

In die skrywe van hierdie opstel moet kandidate verduidelik tot watter mate Mobuto Sese Seko en Julius Nyerere die ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkeling nadat hulle lande onafhanklikheid van kolonialisme verkry het beïnvloed het.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet verduidelik tot watter mate Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere se beleid die ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkeling in hulle onderskeie lande na dekolonisasie beïnvloed het. Hulle moet hulle argument met relevante bewyse ondersteun.

UITBREIDING

**EKONOMIES**

- Die Kongo en Tanzanië het enkel-produkte van hulle onderskeie koloniseerder oorgeëerf; Die Kongo het 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel aanvaar; terwyl Tanzanië 'n sosialistiese ekonomiese model aanvaar het. Beide het gesukkel om hulle ekonomieë te ontwikkel
- Met onafhanklikheidswording het die Kongo en Tanzanië 'n tekort gehad aan 'n lewendige vervaardigingsnywerheid
- Die Kongo het daarna gestreef om die ekonomie te industrialiseer en 'n vervaardigingsbasis (grootliks gefaal) te ontwikkel; terwyl Tanzanië sy landboubasis uitgebou het, villagisation beleid en Ujamaa (het opposisie van onafhanklike Afrika-boere in die gesig gestaar)
- Die Kongo het van die vroeë 1960's swaar gesteun op buitelandse hulp en kundigheid; terwyl Tanzanië gepoog het om selfonderhoudend te wees en neo-kolonialisme verwerp het
- Beide lande het afhanklik gebly van die uitvoer van landbouprodukte en minerale
- Mobutu en Nyerere het die grond en nywerhede genasionaliseer om rykdom eweredig te versprei
- Nog die Kongo nog Tanzanië het oliereserwes gehad en daarom het albei ekonomiese krisisse beleef toe die oliepryse in die 1970's gestyg het
- Beide Mobutu (1970s) en Nyerere (1980s) het besluit om sektore van die ekonomie te privatiseer as gevolg van 'n ekonomiese krisis
- Beide lande het lenings van die buiteland en buitelandse organisasies aanvaar; vanaf die 1960's het die Kongo finansiële hulp van die kapitalistiese Weste aanvaar; terwyl Tanzanië vanaf die 1980's gedwing was om Wêreldbank-lenings te aanvaar en onderwerp was aan strukturele ontwikkelingsbeleid
- Die Kongo se ekonomie is gekarakteriseer deur elitisme en nepotisme; terwyl Tanzanië korrupsie van regeringsamptenare verminder het deur 'n 'Leierskap-kode'
- Die ekonomie van die Kongo het reuse verskille in rykdom tussen ryk en arm geproduseer; terwyl Tanzanië gepoog het om ekonomiese ongelykheid te verminder

**MAATSKAPLIK EN KULTUREEL**
**Onderwys en taal**
- Koloniale onderwys het Eurosentriese waardes bevorder
- Onder kolonialisme het min Afrika-kinders meer as primêre onderrig ontvang. Die Kongo en Tanzanië het 'n paar gekwalifiseerde tegnici en ingenieurs gehad
- Kinders het Europese geskiedenis en tale geleer en Westerse kennis is bevoordeel bo Afrika-kennis

**Onderwys in Tanzanië**
- Nyerere het die gebruik van Swahili ('n algemene taal wat deur meeste Tanzaniërs gepraat word) bo Engels bevorder
- Tussen 1961 en 1981 het ongeletterdheid in Tanzanië geval van 80% na 20%. Min bronne is aan tersiêre onderrig gegee. Laerskool inskrywings het toegeneem
- Strukturele aanpassing in die 1980s het drastiese afsnyding van maatskaplike uitgawes veroorsaak wat tekorte van handboeke, banke en onderwysers tot die gevolg gehad het
- Nyerere (Tanzanië) skryf 'n pamflet 'Onderwys vir selfstandigheid' (1967) – hy brei laerskoolonderrig op die platteland uit en fokus op basiese geletterdheid; diegene wat universiteitsopleiding moes 'n tydjie op die platteland spandeer om hulle kundigheid te deel
- KiSwahili taal is gebruik vir eenheid en nasionale identiteit

**Onderwys in die Kongo**
- Met onafhanklikheidswording was daar 14 universiteitsgegradueerdes in die Kongo (in 'n bevolking van 14 miljoen) na onafhanklikheid is die hoëronderwys-sisteem uitgebrei in stede van om gratis en gelyke basiese onderwys aan almal te gee
- Tussen 1960–1974 het primêre onderrig in die Kongo gestyg van 1.6 miljoen tot 4.6 miljoen, maar hierdie getal het in die 1970's en 1980's gedaal omdat staatsbesteding teruggetrek is
- Frans het die onderrigtaal in die Kongo gebly

**Afrikanisasie**
- In **Tanzanië: Villagisation** Nyerere, bevorder 'tradisionele' gemeenskapswaardes deur Ujamaa ('familieskap') dorpies; Tanzaniërs is aangemoedig om op landbou en tradisionele waardes te fokus en om selfstandig te word. Tanzaniërs het eerder in kommunes die grond bewerk as om kontantgewasse vir uitvoer te produseer
- KiSwahili is gebruik om eenheid en nasionale identiteit te bereik

- In die **Kongo: Zairianisasie**: Mobuto het Afrika-gelowe en kultuur bevorder deur middel van sy beleid van *authenticité.* Hy redeneer dat demokrasie 'n buitelandse ideologie was en nie gepas is vir Afrika nie
- Mobutu het die mense aangemoedig om Afrika-klere te dra, om Afrika-musiek te speel en te luister en om Afrika-kos te eet
- Mobutu het baie dorpe en stede se name in die Kongo met Afrika name hernoem (bv. Leopoldville het Kinshasa geword; die Kongo word Zaire; Joseph-Desire Mobutu word Mobuto Sese Seko Kuku Ngbedu Waza Banga)

**KLEREDRAG**

- Mobutu en Nyerere aanvaar Kwame Nkrumah en Maoïstiese klerestyle
- *'Abacost'* in die Kongo
- Beide bevorder dat skoonheid nie volgens Europese waardes moet wees nie, maar op die beginsel van 'black is beautiful'

**KUNS**

- Bevordering van Afrika-kuns in literatuur sowel as handwerk

- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur analitiese en interpretasie vaardighede te gebruik]*

SINOPSIS

Daar word van kandidate verwag om of saam te stem of nie saam te stem of die verskillende vorms van protes deur die Burgerregtebeweging suksesvol was om die lewens van swart Amerikaners te verbeter nie. Om dit te doen moet kandidate voorbeelde kies van massa-gebaseerde, niegewelddadige protes wat deur die Burgerregtebeweging uitgevoer is en evalueer of dit betekenisvolle verandering in die 1960's vir swart Amerikaners tot gevolg gehad het al dan nie.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet argumenteer deur of saam te stem of nie saam te stem of die Burgerregtebeweging suksesvol was om die lewens van alle swart Amerikaners deur verskillende vorme van protes te verbeter.

UITBREIDING

- Redes vir die opkoms van die Burgerregtebeweging en die Montgomery Bus-boikot (agtergrond kortliks)

- Verskillende vorme van protes wat die Burgerregtebeweging onderneem het soos die volgende:

- **Sit-betogings, vanaf Februarie 1960:** Swart Amerikaanse studente het segregasie van geriewe deur 'sit-betogings' uitgedaag. Dit het begin by middagete toonbanke en het toe versprei na biblioteke, strande, verblyfplekke ens. Die eerste 'sit-betoging' het by 'n toonbank in 'n restaurant in Greensboro, Noord-Carolina plaasgevind. Studente is deur die Student Non-violent Coordinating Committee (SNCC) georganiseer

- **'Vryheidsryers' (nierassig/nie-gewelddadig), Mei 1961:** Swart- en wit vrywilligers het busritte georganiseer waar hulle saamgery het om segregasie op busse uit te daag. Op pad het hulle met ernstige uitdagings deur konserwatiewe wit Amerikaners te doen gekry

- **Birmingham-veldtog, April 1963**: 'n Massa betoging wat ook deur kinders bygewoon is. Dit het die boikot van wit besighede geteiken. Dit het President Kennedy geforseer om op TV te sê dat rasse segregasie 'n morele saak' was wat 'geen plek in die Amerikaanse lewe gehad het nie'

- **Optog na Washington, Augustus 1963:** 'n Nierassige, nie-gewelddadige optog na Washington wat deur 250 000 mense bygewoon is wat volle gelykheid in werke geëis het. Dit het bekend geraak vir Martin Luther King Jnr se 'I have a dream speech' (Ek het 'n droom)

- **Vryheidsomer, 1964:** 'n Veldtog deur vrywilligers om swart Amerikaners in Mississippi te registreer om te stem. Die aktiviste en vrywilligers het te doen gehad met geweld deur wit segregasioniste

- Dit het ook bygedra tot die uitvaardiging van die **Wet op Burgerregte op 02 Julie 1964**.

- **Selma-Montgomery-optogte, Maart 1965:** Optogte om toegelaat te word om te stem wat vir swart Amerikaners georganiseer is, het gelei tot brutale polisie aanvalle op nie-gewelddadige betogers, wat gelei het tot die Bloedige Sondag waar 'n aantal swart Amerikaners beseer is. Die optogte het druk uitgeoefen op President Johnson om die Wet op Stemreg in 1965 uit te vaardig

- **Wet op Stemreg, 6 Augustus 1965:** Die wet wat swart Amerikaners wettig toestemming gegee het om te registreer in die VSA om te stem

- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou